Preekreeks: 500 jarige herdenking van die Hervorming/Reformasie op 31 Okt. Ons gaan in aanloop tot die 500 jarige herdenking van die Reformasie fokus op die sogenaamde “Vyf Solas”. Dit is Skrifbeginsels wat in die tyd van die Reformasie, die denke van die Hervormers gerig het in hulle verset teen die dwaalleer van die Roomse Kerk van daardie tyd. Die solas is (“sola” beteken alleen):
Vandag: Sola Sacra Scriptura (Die Heilige Skrif alleen)
Solo Christo (Christus alleen) - Vlg. Sondag
Sola Fide (Geloof alleen) - 1 Okt.
Sola Gratia (Genade alleen) - 15 Okt.
Soli Deo Gloria (Alleen die eer v God) - 29 Okt.
(Onthou: Latyn was die kerktaal van daardie tyd. Dit was eers Luther en later Calvyn wat hulle beywer het om die Bybel in Duits en Frans te vertaal – sodat God se Woord vir lidmate toeganklik kon word.)

Tema: Die Bybel is God se Woord. Luister alleen na Hom want Hy gee jou die volle en ware lewe.

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 255: 1, 2, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 119-1: 7
Votum
Seën
Loflied Ps. 33-1: 1, 2, 6
Geloofsbelydenis: NGB artikel 7

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: Fokus op die Tweede gebod - HK Sondag 35
Sing Ps. 19-1: 4, 6
Gebed

Woorddiens
Sing Ps. 119-2: 18, 19
Skriflesing: 2 Timoteus 3: 1 - 4: 5
Teks: 2 Tim. 3: 14 – 17
Sing Ps. 119-2: 26, 27
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Sing Ps. 1-2: 2
Liefdegawes
Gebed vir Bediening na Buite (Bybelvertaling)
Sing Ps. 40-2: 7, 8, 13 (Mel Ps. 100)
Seën
Amenlied Sb13-2.

Geliefde brs en srs en liewe kinders

Ons leef in ŉ wêreld waarin ons van alle kante gebombardeer word met inligting!
(wys skyfie 1 en 2)
Daar is soveel stemme in die wêreld wat vir ons wil sê wat ons moet glo en hoe ons moet leef! En dit word vir mense – en veral vir ons kinders en jongmense - al hoe moeiliker om te kan onderskei tussen wat reg is en wat is verkeerd. Wat is waar en wat is vals? (Skyfie 3).

In die geskiedenis het mense en valse idees ook die plek van God se Woord ingeneem. Selfs in die kerk! Die verval van die Roomse kerk was so diep dat God se Woord totaal misken is. Die kerk het meer gesag aan die menslike woorde van die pous toegeken as aan die Bybel.
Kinders: die pous is die benaming van die Roomse kerk se leier. Hulle het geglo dat die pous die verteenwoordiger van God op aarde is en daarom is die pous se woorde belangriker as die Bybel. En daarom het die mense wat die kerk weer na God toe wou teruglei gesê: Die heilige Skrif alleen! Ons moet alleen luister na God se Woord.

En nou waarsku die Here ons vanmore in hierdie Skrifgedeelte dat die valse stemme in ons tyd al hoe meer gaan toeneem! Die Here Jesus noem die Satan “die vader van die leuen” en Jesus het toe alreeds gewaarsku dat die duiwel alles in sy vermoë doen om die waarheid met die leuen te oordonder sodat mense eerder sy leuens sal glo as wat hulle die waarheid sal glo. En hier bevestig Paulus vir Timoteus dat dit so sal gebeur! Ons het gehoor hoe beskryf hy die toenemende ongeloof en goddeloosheid in hf 3: 1 – 9.

Brs en srs ons beleef dit ook vandag! Die stryd om my en jou geloof en ons kinders se geloof is hewig aan die gang. Die mees onlangse waarvan ons almal bewus is, is die stryd om godsdiens in die skole waarin die OGOD beweging alles in sy vermoë doen om godsdiens uit die skole te dryf! Ons sien en lees elke dag van mense wat God verloën, wat sê dat die Bybel nie God se Woord kan wees nie –dat dit net ŉ ou boek van mense se denke oor God is en dat jy nie daarin kan glo nie! Ons sien hoe kerke leegloop omdat mense kies vir die leuens van Satan.

Daarom kom sê die Here weer vanoggend vir ons: Die Bybel **<u>is</u>** God se Woord. Luister alleen na Hom wat Hy gee jou die volle en ware lewe.
Ook vandag moet ons weer glo en getuig: sola sacra scriptura: die heilige Skrif alleen.

Geliefdes, ons moet dus in die eerste plek nie verbaas wees of onkant gevang word as die valse stemme die leuens van Satan al hoe harder verkondig nie!
En hulle gebruik alle moontlike maniere om ons daarvan te oortuig! Kyk weer wat

staan in hf 3: 13: "[13]Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger. Hulle mislei ander en word self mislei." En vandag hoor ons hierdie stemme al hoe harder roep!

Die vraag is: hoekom is hierdie valse stemme so suksesvol? Hoekom neem dit so toe? Hf 4: 3 en 4 gee die antwoord. Hoor wat staan daar: "[3]want daar sal 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor. [4]Hulle sal die waarheid nie wil hoor nie en hulle tot verdigsels wend."

Wat is die aantrekkingskrag van die valse stemme? Dit pas my eie sondige begeertes! Dit is hoekom die leuens so toeneem want dit pas die mens se sondige begeertes. Sondige begeertes wat lynreg staan teenoor dit wat God wil hê ek moet doen! En dit is wat ek vanweë die sonde in my ten diepste wil doen!

Ek smag daarna om my eie sondige begeertes te doen! Daar staan letter <u>in hf. 4: 3 dat mense se "ore jeuk" om te hoor wat hulle graag wil hoor!</u> Hulle ore jeuk om te hoor dat hulle maar die sonde kan doen! En daarom luister hulle graag na die leuens wat hulle ore streel en sê: doen maar net wat jy wil – bevredig jou eie begeertes! Hulle glo enige valse storie solank dit hulle sondige begeertes pas. Hulle wil nie meer hoor wat God sê nie – hulle wil doen wat hulle wil!

Brs en srs en kinders, hierdie begeerte om ons sondige begeertes uit te leef, is die rede waarom ek en jy net so kwesbaar is vir die leuens van die satan en sy valse stemme! Dit is hoekom ons ook dikwels ons ore uitleen vir hierdie stemme – want dit klink so goed en lekker!

Die leuen volg altyd die maklike en lekker weg! Ons Here Jesus het dit die "breë pad" genoem! Dit lyk lekker en maklik – maar dit is die verkeerde pad! Die pad van die Here is die smal pad! Dit is die moeiliker pad om te loop!

En kinders, wat het Jesus gesê? Op watter pad loop die meeste mense? Op die breë of die smal, klein paadjie?
Die breë pad nê?
Wat leer die Here ons hier oor die leuen? **Ons moenie dink omdat meer mense die leuens volg dat dit reg is nie!** As al die mense iets doen, beteken dit nie dat dit reg is nie! <u>As jy die enigste een in jou vriendekring is wat in die Here glo of wil doen wat die Here vir jou sê – maar al jou maats dink en doen anders – dan begin ons mos twyfel nê! Hoe kan almal nou verkeerde wees en ek reg?</u> Hoe kan die hele wêreld glo dat die Bybel nie die Woord van die Here is nie en net ons ou paartjies glo dit? Onthou dan wat die Here ons hier leer! Dis nie die meerderheid wat reg is nie – dis hulle wat in God en sy Woord glo!

Daarom kom sê die Here vanmore in die tweede plek weer vir ons: Die Bybel is God se Woord! Maak nie saak wat die wêreld sê nie! Dit is die boek waarin God sy wil vir ons lewe openbaar en ons glo dat die God se stem vir ons lewe is! Daar staan in 2 Tim 3:16" Die hele Skrif is deur God geïnspireer". Br en sr en liewe kinders: dit beteken: die hele Bybel is God se Woord. **Letterlik staan daar: Die hele Skrif is deur God "ingeblaas".** Dit wat die Bybelskrywers neergeskryf het was nie hulle eie woorde en gedagtes nie! Nee! God het dit vir hulle gegee om te sê en dit is neergeskryf.

Ons lees ook in 2 Petrus 1: 20 – 21 hiervan. Daar staan: "Dít veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, [21]want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig." Die Bybel is God se Woord en daarin openbaar Hy vir ons wat Hy wil hê ons moet glo – dit wat die waarheid is en hoe Hy wil hê ons moet leef op grond van die waarheid!

Dit is so dat Paulus hier verwys na die Ou Testament as boek "as hele Skrif" want die Nuwe Testament wat nog nie in 'n boek saamgevat soos wat die Ou Testament alreeds in daardie tyd was nie! Maar ons glo dat die Here die Nuwe Testament as boek net so beskik het as wat Hy die Ou Testament as boek beskik het as sy Woord vir die wêreld.

Hoekom glo ons dit? Want die Woord het ook mens geword! Die Bybel noem Christus die Woord van God! Christus het God vir ons finaal kom openbaar en ons kom leer hoe om God te dien! Hy het met ons - mense - in verhouding kom tree en deur sy versoeningswerk vir ons die volle en ware lewe gegee!

Die hele Ou Testament verkondig Jesus wat sou kom en die hele Nuwe Testament verkondig Jesus wat gekom het! **Wie dus in Christus as die mensgeworde Woord glo – ontvang geloof en daarmee die volle en ware lewe! Christus is die Weg, die Waarheid en die lewe en wie in Hom glo, ontvang hierdie volle en ware lewe!** Dit is die blye boodskap van die Skrif: Jesus Christus as ons Here en Verlosser wat ons liefhet en sy lewe vir ons kom aflê het sodat ons die ware en volle lewe kan hê.

En daarom het ons niks meer nodig as Christus en sy Woord nie! Ons het nie ander of nuwe openbaringe nodig om ons nog iets wat nodig is, te leer nie. Die Bybel is die volle openbaring van God se waarheid en dit voldoende. Ons hoor vandag so baie wat sê dat hulle een of ander besondere openbaring van God ontvang het en wat daarmee vir ons wil voorskryf hoe en wat ons moet doen! As hierdie openbaring nie ooreenstem met God se Woord nie – is dit eenvoudig 'n leuen! **Met God se Woord is jy volkome toegerus om God te dien!**

Paulus sê in Gal. 1: 8 dat selfs al kom ’n engel uit die hemel om vir jou iets anders as die Woord te leer, moet ons dit nie aanvaar nie! **Ons het die Woord as die volle openbaring van God en ons moet dit alleen glo!**

Dit leer ons die volle waarheid en deur die kennis wat ons daaruit kry en die geloof daarin wat ons ontvang, ontvang ons die ware lewe! Dit lewe wat die leuens vir ons wil voorhou as so lekker en goed – dit lei tot die dood! Die Bybel is die ware lewe by God!

Hoe weet ons dit? Hoe weet ons in die derde plek dat die Bybel die Woord van God is? Dit is ’n innerlike oortuiging van die Heilige Gees in jou hart! Daar is geen ander verklaring nie! Ons moenie probeer om die Bybel histories korrek te probeer bewys nie en so ’n “bewys” te kry dat dit waar is nie! Nee, dit is ’n gawe wat God ons gee deur sy Gees! Dit is ’n geloofsoortuiging! En daarom kan ek en jy nie iemand anders oortuig van die Bybelse waarhede nie! Ons moet dit verkondig en leef – maar ons kan niemand oortuig nie! God doen dit! Hy oortuig iemand van die waarheid en gee daardie geloof in mense se hart!

Maar tog gee die Here ons in die vierde plek die opdrag om alles wat ons hoor en wat mense ons as waarheid wil laat glo, te toets! (wys skyfie 3)

Die Here leer ons in 1 Joh. 4 : 1 - 6 “Geliefdes, moenie enigeen glo wat sê dat hy die Gees van God het nie, want daar is nou reeds baie vals profete in die wêreld, maar ondersoek elkeen, ondersoek of sy gees van God afkomstig is. [2]Hiéraan ken julle die Gees van God: elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is. [3]En elkeen wat dit nie van Jesus bely nie, het nie die Gees wat van God afkomstig is nie. Hy het die gees van die Antichris, die gees van wie julle gehoor het dat hy kom en wat nou reeds in die wêreld is.

[4]Julle behoort aan God, liewe kinders, en het die vals profete klaar oorwin omdat Hy wat in julle is, groter is as die duiwel, wat in die wêreld is. [5]Hulle behoort aan die wêreld, en wat hulle sê, is dus van die wêreld afkomstig, en die wêreld luister na hulle. [6]Ons behoort aan God, en wie vir God ken, luister na ons; wie nie aan God behoort nie, luister nie na ons nie. Hieraan kan ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaalleer onderskei.”

Ons moenie alles glo nie – ons moet toets of wat mense sê, glo en doen volgens die Woord van God is. Dit is die enigste maatstaf! En daaraan meet ons alles wat ons hoor! Ook gelowiges kan verkeerde dinge glo en doen! Net vanmore oor RSG oor ’n sg. geloofsprogram praat iemand wat sê dat hy glo – maar hy glo nie dat daar ’n lewe na die dood is nie! Geestelike leiers, predikante, onderwysers, wetenskaplikes, bekende en beroemde mense met baie aanhangers – almal kan goed verkondig wat nie in God se Woord staan nie – daarom moet ons dit toets. Is dit wat God sê in sy Woord?

Hoe kan ’n mens dit toets as jy nie die Bybel ken nie! Daarom moet ons ook êrens maak om God se Woord te ken! Kinders: wat gebeur as jy nie jou wiskundige formules ken nie? Jy dop dit! Jy moet die Bybel ken! Daarom is daar katkisasie! Ons as gemeentes moet sorg dat julle die Bybel leer ken! Ek weet baie van julle maats het nie meer katkisasie en nou wonder julle hoekom moet julle dit doen! Dit is hoekom!

Geliefde brs en srs en kinders, luister dan na God in sy Woord en laat die Heilige Gees jou lei in die waarheid van die Woord. Sola sacra scriptura! God se Woord alleen. Moenie na jou eie hart luister om jou eie begeertes te volg nie – nie eers in die minste of kleinste manier waarop die duiwel jou wil versoek nie! Want daardeur verkoop hy sy leuens aan jou en lei jou weg van die waarheid!

Moenie dat jou ore jeuk vir alles wat die wêreld aan jou wil opdis as goed en reg nie! Nee, laat jou ore jeuk om God se Woord te hoor! Leef in jou verhouding met God in Christus en uit die Woord! Laat God se Woord jou denke vernuwe en jou gedrag bepaal!

Moenie dink en soek na iets meer nie! God het ons in sy Woord alles gegee! Luister na Hom en niemand anders nie! Al is jy die enigste een wat vashou – hou vas! Ons kan tog ook nie anders as om Martin Luther – die Hervormer se woorde hier aan te haal nie! Hier staan ek, ek kan nie anders nie! Ek houvas aan God en sy Woord.

Amen